Gesinsnagmaal deur Ryno Meyer

Hier op die tafel sien ons die brood en die wyn.
Die brood en wyn wys soos vingers na die liefde van die Here.
Brood en wyn is die bewyse van die Here se liefde.
Die brood sê dat Jesus sy liggaam vir ons laat breek het en die wyn sê dat Jesus sy bloed vir ons oortredinge laat vloei het.
As ons die brood eet en die wyn drink, sê ons dat ons dit glo.
Ons sien met ons eie oë wat Jesus vir ons gedoen het.
En ons proe hoe lief die Here ons het.